

# EK HET NOG MY BEEN

deur Ian Brown
(Afgetrede, voormalige besturende direkteur van Multi-Alloys Suid-Afrika)










In 1997 het 'n staalplaat wat by die werk geval het my been bokant die linker-enkel beseer.

Ten spyte van behandeling wou die wond nie genees nie en is ek in die hospitaal opgeneem met 'n ernstige pulmonêre embolus, wat beteken het dat 'n bloedklont van my beenwond na my long beweeg het en longskade aangerig het.

Die wond bokant my enkel is behandel en ek moes warfarien, 'n stollingsteenmiddel, begin gebruik en is uit die hospitaal ontslaan.

Die wond het ongelukkig vererger en tydens my volgende besoek het die dokter gesê dat ek nekrose oor 'n taamlike groot gedeelte van my been ontwikkel het. Dit het beteken dat party van die senu- en weefselselle doodgegaan het vanweë die beskadigde bloedtoevoer na daardie area.

Hy het gemeen dat ek moontlik selfs voor my besering swak sirkulasie gehad het (die begin van diabetes).

Teen November 1998, na 'n jaar van lyding, was daar 'n donkerkleurige wond bokant my enkel wat daagliks agteruitgegaan het ten spyte van allerhande mediese behandeling.

Tot my afgryse het die dokters gesê dat hulle niks meer kon doen nie, en dat hulle, indien dit in gangreen sou omsit, my been sou moes afsit.

Op 11 November 1998 het ek, vir my eie rekord, 'n foto van my been geneem (sien fig. 1).

Ek het kort daarna van Cellfood gehoor en 'n openbare lesing bygewoon om meer oor hierdie produk uit te vind.

Toe ek hoor hoe dit oksigenering in die bloedstroom vermeerder en die liggaam sodoende help om van gifstowwe en dooie selle ontslae te raak, het dit my belangstelling baie geprikkel.

Ek het ook gehoor hoe Cellfood hidrogeen op sellulêre vlak vervaardig en dat die liggaam hidrogeen nodig het om selle te bou en te versterk, asook om inflammasie te voorkom, en daarom het ek gevoel dat dit die regte produk vir my is.

Voor die einde van die lesing het ek ook gehoor dat Cellfood 'n groot verskeidenheid minerale bevat (wat noodsaaklik is vir die regte samestelling van liggaamselle en vloeistowwe); asook ensieme wat die liggaam nodig het om bloedsuikervlakke te balanseer en as buffer daarvoor te dien.

Dit het ongelooflik geklink dat daar 'n produk kan wees wat my met al my gesondheidsprobleme kan help.

Ek het dit elke dag begin gebruik. Tot my verbasing kon ek elke dag sien hoe die toestand van die wond verbeter. Op 25 Februarie 1999 het ek nog 'n foto geneem (sien fig. 2).

Ek het nog lesings oor Cellfood bygewoon om meer oor die produk uit te vind. Ek het ook uitgevind van 'n nuwe produk, Cellskin Gel. Hierdie produk, 'n vermenging van Cellfood en uitstekende velsorgbestanddele, help om wonde te genees en om beskadigde vel te herstel en te hernieu.

Ek het begin om Cellskin Gel daagliks op my wondarea te gebruik wat vinnig besig was om te genees en te verdwyn. En die warfarien het goed saam met die Cellfood gewerk om my bloedsirkulasie te verbeter; ek het ook gereeld vir roetine-ondersoeke gegaan om my toestand te monitor.

Op 14 November 1999, presies een jaar nadat ek my eerste foto geneem het, het ek weer 'n foto van my been geneem.

Ek is toe na Oxygen For Life toe om hulle te bedank vir hulle verstommende produkte. Ek het vir hulle al die foto's gewys en hulle toestemming gegee om dit te publiseer en vir ander mense te wys wat met ernstige wonde gedoen kon word.

Toe ek my dokter besoek en hy my been sien, was hy verstom en het hy gesê dat die weefsel en velselle heeltemal herstel en hernieu het (sien fig. 3).

Nou, byna vyf jaar later, is my been steeds heeltemal gesond; en ek sal vir die res van my lewe elke dag Cellfood drink om seker te maak dat ek aanhou om dieselfde gehalte lewe te geniet wat ek nou geniet.

Hierdie persoonlike ondervinding is aanvanklik deur Oxygen For Life gepubliseer in die Paasuitgawe van die "Health Counter News" in die jaar 2000. Mnr Ian Brown geniet nou 'n aktiewe lewe as afgetredene en het toestemming gegee dat sy ondervinding weer gepubliseer word.

Cellfood®
Oxygen Mineral Supplement

Wêreldleier Wenner van toekennings - die Voedingsaanvulling wat die liggaam help met:



- Suurstofverskaffing
- Energieverskaffing
- Reiniging en
- Hernuwing van selle
- Bevordering van kardiovaskulêre funksionering
- Hantering van degeneratiewe siektes
- Optimalisering van liggaamsfunksies
- Verbetering van algemene welstand

*Wenner van die "1997 Advanced Technology Award" van die Internasionale Heldesaal*

Cellfood® word vervaardig in 'n FDA-gelisensieerde laboratorium deur Nu Science Corp. VSA, en versprei in die RSA deur Oxygen For Life (Edms) Bpk, Tel. (011) 957-2426 Cellfood is te kry by gesondheidspraktisyns, apteke, gesondheidswinkels en privaat verspreiders. www.oxygenforlife.co.za

Oxygen For Life.